Die Fees van Maria, Moeder van die Kerk

Hierdie fees word gevier op die Maandag ná Pinkstersondag. Pous Franciskus het in 2018 hierdie fees op die Kerkkalender geplaas. Pinkster word beskou as die geboortedag van die Kerk en vanaf die begin van die Kerk is Maria, die Moeder van Jesus, aangeroep en vereer as Moeder van die Kerk. Katolieke beskou Maria nie net as die Moeder van Jesus nie, maar as die Moeder van alle gelowiges. Sy wat erken word as Moeder van verlossing, lewe en genade, is ook Moeder van die verlostes en die lewendes. *"Daar waar Jesus die Verlosser en Hoof van die Mistieke Liggaam is, daar is Maria moeder."* (Kategismus van die Katolieke Kerk, 973)

© Die Oratorium Uitgewery